

## IDENTITEIT

“Wie ons *is*”

### ***'n Vrygekopte Familie van Dienaars op Sending***

Ons is *dissipels*. Dis die naam wat die Bybel gee aan die wat vir Jesus volg. Hulle is Sy “dissipels”.

- Die oorspronklike bende van 12 wat Jesus roep om Hom te volg word na verwys as Sy ‘*dissipels*’<sup>1</sup>;
- Die groter groep van Jesus se volgelinge het ook as sy ‘*dissipels*’ bekend gestaan<sup>2</sup>;
- Die opdrag wat Jesus aan die Apostels gegee het, was om ‘*dissipels*’ van ander te maak deur van Hom te vertel<sup>3</sup>;
- Soos hulle Hom verkondig het, het kerke tot stand gekom wat bestaan het uit Sy ‘*dissipels*’<sup>4</sup>.

‘Dissipel’ beteken letterlik ‘leerling’ of ‘student’ van ‘n betrokke leermeester. Om dus as ‘n dissipel van Jesus bekend te staan, beteken bloot om iemand te wees wat vir Jesus leer ken en toenemend Hom nadoen.

Dit is van waarde om te sien hoe Jesus self dissipels gemaak en gevorm het. Sy oogmerk was duidelik om Sy “DNA” aan Sy dissipels oor te dra. Hy het dit op twee maniere gedoen:

1. Hy het hulle om Hom vergader om na Sy woorde te LUISTER<sup>5</sup>.
2. Hy het hulle blootgestel aan hoe dit prakties lyk om daarvolgens LEWE<sup>6</sup>

Hierdie twee aspekte van dissipel-maak het natuurlik nie in isolasie van mekaar gebeur nie. Jesus het die wil van Sy Vader (gesproke waarheid) openbaar gemaak in die harwar van Sy dissipels se bestaande, alledaagse lewens. Hy het hulle egter ook intensioneel blootgestel aan nuwe ervaringe buite hulle gewone verwysingsraamwerk (praktiese waarheid)<sup>7</sup>.

Hierdie is ons groot begeerte by LIG.punt: Ons wil ‘n gemeenskap van Jesus se volgelinge wees wat (soos Jesus se aanvanklike dissipels) Hom leer ken en Hom nadoen in ons eie lewens. Ons wil ‘n bende van gelowiges wees wat ons lewens toenemend inrig om na Jesus (deur Sy Woord, die Bybel) te LUISTER, ten einde saam met Hom (deur sy Liggaam, die kerk) te LEWE.

<sup>1</sup> Mt 5:1; Mk 2:18; Lk 6:1; Jn 2:2

<sup>2</sup> Lk 6:13; Lk 10:1; Jn 6:60

<sup>3</sup> Mt 28:19

<sup>4</sup> Hand 6:1

<sup>5</sup> Mt 5-7; Mk 4; Lk 6; Jn 14-16

<sup>6</sup> Mt 8-9; Mk 5-8; Lk 7; Jn 2

<sup>7</sup> Joh 13:1-20

## Identiteit

Wanneer dit kom by die uitleef van Jesus se leerstellings is dit opvallend hoe die Nuwe Testament nie bloot ons beveel om 'n lys van moets en moenies te volg nie, maar eerder ons aanspoor om ons nuwe IDENTITEIT in Jesus uit te lewe – om te WEES wie ons klaar in Jesus IS. Dit behels die toenemende inrig van ons lewens inlyn met die nuwe en beter storie wat God ons, in Jesus, klaar van deel gemaak het.


Daar is verskeie maniere wat die Nuwe Testament ons identiteit in Jesus beskryf. Dit is egter bloot net dinge wat waar was van Jesus en wat nou (aangesien ons deur geloof een is met Hom) ook waar is van ons. Ons oogmerk by LIG.punt is om voortdurend die Woord toe te laat om ons perspektief te gee en aan te moedig om huis hierdie identiteite, gesamentlik en individueel, uit te leef.

Ons vind dit behulpsaam om die identiteit van elke Christen en kerk as geheel uit 4 verskillende hoeke te beskou<sup>8</sup>. Ons is:

- Vrygekoop
- Familie
- Dienaars
- Sendelinge.

Of, kortom, ons is 'n *Vrygekoopte Familie van Dienaars op Sending*. Al 4 hiervan, ten alle tye.

Die volgende diagram verduidelik dat elke Christen voortdurend beide gevorm word as dissipel EN uitrukking gee aan die realiteit van wie hy in Jesus is (sy identiteit), deur te luister en te lewe:



'n Meer deurdagte verstaan van elk van die 4 identiteite sal ons herinner wie ons is, en ons sodoende in staat stel om in die lig daarvan getroue, gebalanseerde dissipels van Jesus te wees:

<sup>8</sup> Daar is ander maniere om hierdie selfde waarhede te kommunikeer en te organiseer. Ons vind hierdie behulpsaam vir ons spesifieke konteks, en dink dat alles wat die Bybel sê waar is van Christene, uitgelig sal word soos wat ons in diepte oor die betekenis en implikasie van elk van hierdie 4 dink.

## 1. Vrygekoop

Die hart van die boodskap van die Bybel, die Evangelie, is dat God sy enigste Seun gegee het om mense uit hulle nood te "verlos". Die realiteit is ongelukkig dat as ons die woord "verlos" hoor, ons nie noodwendig die volle omvang van wat daarmee bedoel word, verstaan nie.

In die tale wat die Bybel oorspronklike geskryf is, word God se optrede verduidelik as die 'vrykoop' of 'loskoop' van mense. ("Redemption", in Engels)<sup>9</sup>. Die werkwoord 'vrykoop' beteken bloot dat 'n kosbare prys betaal is om 'n slaaf los te koop vanaf een eienaar, om nou aan 'n nuwe te behoort. Dit is wat die Bybel bedoel as dit aankondig dat ons deur die bloed van Jesus (die 'prys') 'verlos' is.

Verlossing beteken nie dat ons bloot 'n kortpaadjie hemel toe gekry het nie, maar dat ons eerder 'n mense is wat in die HEDE vrygemaak is van ons oorspronklike slawedrywers (die Duiwel, die straf van, en mag van sonde) ten einde in die HEDE aan 'n goeie en nuwe Meester (God) te behoort.

Soos wat die woord 'vrygekoop' in Afrikaans so behulpsaam kommunikeer, het hierdie nuwe identiteit van ons as "vrygekooptes" twee belangrike implikasies vir ons:

### 1. Ons is mense wat daadwerklik 'vry' is van ons ou slawedrywers

(Sien: Jn 8:31-36; Kol 1:13-14; Gal 4:8-5:1; Rom 3:24; 2 Kor 3:17; Ef 1:7)

Ons wil by LIG.punt 'n gemeenskap wees wat mekaar voortdurend herinner dat ons "Vrygekoop" is. Met die Duiwel en 'n sondige wêreld wat ons gereeld herinner aan ons tekortkominge, het ons nodig om mekaar gereeld te **BEMOEDIG** met die wete dat ons inderdaad vry is.

### 2. Ons is mense wat daadwerklik 'gekoop' is om aan God te behoort

(Sien: Rom 6:17-23; 1 Kor 6:19-21; 1 Pet 1:14-19; 1 Pet 2:9-10)

Ons het dus, gegewe ons eie rebelse sondigheid wat daagliks onsself op die troon van ons harte wil plaas, nodig om mekaar gereeld **AAN TE MOEDIG** dat God ons huis gekoop het om aan Hom te behoort en vir Hom te lewe.

---

<sup>9</sup> In die Ou Testament sien ons dat God vir Israel uit slawerny in Egipte 'losgekoop' het (Eks 6:6; 15:13; Ps 74:2, 106:10; Jes 43:1; 52:9; 62:12). En dit is huis hierdie konsep wat die primêre manier word wat die Nuwe Testament van ons verlossing in Jesus praat (Rom 3:24; 8:23; Ef 1:7; Gal 3:13; Kol 1:14; Tit 2:14)

## 2. Familie

Reg deur die Evangelies sien ons dat Jesus na sy dissipels as ‘familie’ verwys<sup>10</sup>. Die res van die Nuwe Testament maak dit duidelik dat hierdie beskrywing van Jesus se volgelinge die produk is van die enorme realiteits verandering wat hulle as gelowiges ondergaan het. Deur geloof in Jesus – die Seun van God – word ons deur God die Vader ‘aangeneem’<sup>11</sup>. Gevolglik IS ons nou:

- die familie van God (Ef 1:19)
- kinders van God (Jn 1:12; Rom 8:16; Ef 5:1; 1 Jn 3:2)
- broers en susters van Jesus (Mk 3:35; Jn 19:26-27; Heb 2:11-12, 17)
- mense wat vir God “Vader” kan noem (Mt 6:9, Rom 8:15; Gal 4:6; Jak 2:27) en
- erfgename saam met Jesus (Rom 8:17; Gal 4:7; Tit 3:7).

Hierdie vertikale realiteits-verandering het natuurlik dan ook massiewe horisontale implikasies vir ons as Christene. Indien dit waar is dat ons weens Jesus nou deel is van die familie VAN GOD, beteken dit ook dat ons nou familie VAN MEKAAR is. Dit beteken onder ander:

- Ons IS nou broers en susters van mekaar (Rom 14:10; Lk 17:3; Jak 2:15);
- Wat mekaar soos ware familie behoort te hanteer (1 Tim 5:1; 1 Jn 3:10-18; 4:21-22);

Dit is ons begeerte by LIG.punt om toenemend ons identiteit as ‘familie’ uit te lewe. Ons wil soos enige goeie aardse familie, lewe saam te doen. Ons wil saam lag, speel en huil. Ons wil daar wees vir mekaar in moeilike tye. Ons wil mekaar toenemend vertrou en mekaar geduldig aanvaar. Ons wil selfs mekaar in liefde aanspreek wanneer enige van ons die familienaam skade berokken.

---

<sup>10</sup> Mk 3:35; Mt 6:9; Jn 19:26-27

<sup>11</sup> Jn 1:9-14; Gal 3:25-4:7; Ef 1:5

### 3. Dienaars

Jesus was die prototipe dienaar. Hy was die vervulling van al die Ou Testament profosiee aangaande die Diensknege van die Here (Jes 52:53; 61; Lk 4:18-19; Mt 12:18), die Een wat in sy menswording sy eie rykdomme en voorregte prys gegee het om ons te kom dien (Mk 10:45; Fil 2:7). Deur geloof in Jesus is ons as Christene nou “in Christus” en dus, soos Hy, ook dienaars. Die Bybel beskryf ons as dienaars...

- Van God (Mt 4:10; Rom 6:22; 1 Tes 1:9; 1 Pet 2:16)
- Van Christus (Jn 12:24; Rom 14:18; 1 Kor 7:22)
- Van mede gelowiges (Jn 13; Han 4:34; Gal 6:10; Fil 2:1-4)
- Van die wereld (Jer 29:4-7; Gal 6:10; 1 Tim 2:1-6; 1 Tim 6:17-19; 1 Tes 5:15)

Om ‘n Christen te wees beteken dus nie net dat ons mense is wat nou en dan instem om ander te dien nie, maar eerder dat ons (as nuwe skepsels) in ons wese dienaars IS. As ‘n mens ‘n Christen sou sny, behoort hy/sy diensbaarheid te bloei. Dit is ons groot gebed vir almal wat deel van die LIG.punt familie is. Ons wil ‘n gemeenskap wees wie se lewens gedefinieer word deur diensbaarheid aan God, mekaar en veral tot voordeel van ‘n gebroke en behoeftige wereld.

## 4. Sendelinge

Reg aan die einde van Jesus se aardse bediening het Hy aan Sy oorspronklike dissipels Sy bekendste en belangrikste opdrag gegee: Hy het hulle gestuur om “dissipels van al die nasies te maak” (Mt 28:19).

Soos wat ons die Nuwe Testament bestudeer sien ons dat hierdie sendings-mandaat nie net vir ‘n spesifieke groep spesiale Christene beskore was nie, maar dat elke Christen huis geroep is om buitestaanders te betrek by die familie van God<sup>12</sup>. ‘n Christen is IN WESE ‘n “sendings-organisme”: iets wat ander wil ‘aansteek’ en sodoende vermeerder. Ons is

- Die sout en lig vir die wêreld (Mt 5:13-16; Fil 2:14)
- Die aroma van Christus (2 Kor 2:14-16)
- Die vertoonvenster van God se wysheid (Ef 3:10)
- ‘n Koninklike priesterdom wat die verlossingsdade van God verkondig (1 Pet 2:9)

Hierdie “sendeling-identiteit” is huis waar van ons omdat dit eerstens waar was van Jesus. Jesus is die Sendeling van alle sendelinge:


- Hy is die ware Lig vir die wêreld (Jn 1:4-5, 9; 3:19; 8:12)
- Die Een gestuur deur Sy Vader (Jn 8:15; 10:36; 17ff)
- Om in ons midde, die Vader te kom openbaar (Jn 1:14, 18; 14:10; 17:26).
- En ons tot geloof en inkeer te roep (Mk 1:14-15; Jn 6:35-40; 10:25-27)

Hierdie is ons oortuiging: Dat dit wat Jesus se lewe gedefinieer het ook waar moet wees van ons. Deel van wat dit beteken om ‘n Christen te wees, is om deur Jesus uitgestuur te word, soos wat die Vader hom gestuur het (Jn 17:18; 20:21). Ons wil dus by LIG.punt ‘n familie wees wat mekaar aanspoor en toerus om as “gestuurdes” te lewe. Gewone en gebroke mense, wat hulle lewens radikaal inrig om Jesus se Koninkryks-bouprojek voort te sit.

---

<sup>12</sup> Eerder as bloot “ander Christene betrek by ons kerk”.

## Dissipelskap as 'n diamant



Die rede hoekom ons ons dissipelskap as 'n diamant teken is omdat ons oortuig is dat die verskillende aspekte van dissipel wees altyd interafhanglik van mekaar funksioneer.

- 'n Mens kan nie vir Jesus 'lewe' sonder om eers vir hom te 'luister' nie.
- En indien 'n mens se 'luister' na Jesus nie in 'lewe' oorgaan nie, het jy verseker nie mooi 'gehoor' nie!

Dieselfde is ook waar vir die uitleef van ons Christen identiteite.

- Soos wat ons as 'familie' saam lewe, sal dit ons noodsaak ons as 'dienaars' op te tree en gevoglik 'n onvermybare, interaktiewe advertensiebord vir die Koninkryk, aan die wêreld wees (Sendelinge).
- Soos wat ons 'n gebroke en behoeftige wêreld begin 'dien', sal dit ons nie net noodsaak om as 'familie' saam te trek nie, maar dit sal ook die aantreklike, soet aroma van Christus in ons stad agterlaat.
- Soos wat ons op 'n horizontale vlak ons identiteite as 'familie', 'dienaars' en 'sendelinge' uitleef, sal dit vereis dat ons minder vir onsself en meer vir God te lewe (Vry-GEKOOP).
- Soos wat ons faal in hierdie areas, sal ons nodig hê om mekaar permanent te herinner dat ons inderdaad reeds God sin is en dus beide aanvaar en vergewe is. (VRY-gekoop)
- En soos wat ons dag na dag onsself opnuut as God se eiendom toevertrou ('Syne'), sal dit ons mobiliseer om ons horizontale identiteite (familie, dienaars, sendelinge) uit te leef.

Mag God die Vader, deur die kragtige werking van Sy Gees, ons by LIG.punt die genade skenk om getroue en opregte dissipels van Jesus te wees!